basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord(e) in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE of WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Net die rede/motivering/aanhaling/bewys word bepunt.

4. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

5. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

6. Aanvaar dialektiese variasies.

7. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

## AFDELING A

## VRAAG 1

### TEKS A: ARTIKEL
[Verwerk uit *Wikipedia, Brittanica,* e.a.]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • Messi<br>• Ronaldo<br>• Torres<br>• Klose<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 1.2.1 | vier/4 | 1 |
| 1.2.2 | Uruguay | 1 |
| 1.2.3 | oorlog | 1 |
| 1.3 | "Net die beste internasionale mansspanne neem hieraan deel."<br>*(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 1.4.1 | groot | 1 |
| 1.4.2 | sukkel | 1 |
| 1.5 | 104/honderd en vier | 1 |
| 1.6 | Argentinië | 1 |
| 1.7.1 | vol lewe | 1 |
| 1.7.2 | vinnig | 1 |
| 1.8 | Adidas | 1 |
| 1.9.1 | "uniek"<br>*(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 1.9.2 | ster | 1 |
| 1.10 | 5/vyf | 1 |
| 1.11 | (die) Goue Stewel<br>*(Slegs 'stewel' word nie aanvaar nie)* | 1 |
| 1.12 | C/al die mense in die wêreld wat van sokker hou. | 1 |
| 1.13.1 | C/Daar gaan meer as een gasheerland wees. | 1 |
| 1.13.2 | A/Mense wat na wedstryde wil gaan kyk, weet in watter stad dit gespeel word. | 1 |
| 1.13.3 | D/Meer lande gaan aan die toernooi deelneem. | 1 |
| 1.13.4 | E/Dit wys iets van elke gasheerland. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14 | • Mense wat nie kan betaal om by die stadions na die sokker te gaan kyk nie/eie televisies het nie, kan by die kuierplekke na die sokker gaan kyk.<br>• Mense kan …<br>  o saam sokker kyk/hulle passie vir sokker deel/die sokkerlegendes op die skerm sien.<br>  o sosialiseer/saam kuier.<br>  o saam met vriende hulle span aanmoedig<br>  o nuwe mense/mense van ander lande daar ontmoet.<br>  o iets van ander lande/kulture leer.<br>• Dit bring die land se mense bymekaar/verenig die land se mense.<br>• Dit is goed vir die land se ekonomie.<br>• Mense kan sokker op die groot skerm kyk/geniet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15 | Ja<br>• Dit is die grootste sportgeleentheid in die wêreld.<br>• Dit gebeur net elke vier jaar.<br>• Dit genereer baie geld/bring baie geld in.<br>• Baie mense regoor die wêreld kan dit geniet.<br>• Baie mense hou van sokker.<br>• Baie mense sien hulle gunsteling spelers/spanne.<br>• Dit ontwikkel sokker/die sport.<br>• Dit skep werksgeleenthede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>**OF**<br>Nee<br>• Die geld kan beter/vir ander/belangriker dinge gebruik word.<br>*(**Let wel:** Kandidate kan hier spesifieke voorbeelde gee, bv. die geld gebruik om skole/huise/hospitale te bou, kos vir armes te gee, ens.)*<br>• Dis nie toeganklik vir almal nie.<br>• Nie almal hou van sokker nie.<br>• Ander sportsoorte kry nie so baie geld nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: GRAFIEK**
[Verwerk uit Grafika24]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | "medikasie"<br>*(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 1.17 | (in) plakkerskampe | 1 |
| 1.18 | • Daar is groente/pampoen/wortels in die prent.<br>• Dit wys produkte/groente wat op plase verbou word.<br>• Die krat wys daar is baie groente.<br>• Dit wys/gaan oor boerdery.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19 | klinieke | 1 |
| 1.20 | A/daar is nie baie woorde om te lees nie. | 1 |
| 1.21 | Ek kan sien …<br>• waar in Suid-Afrika (meer/minder) medikasie beskikbaar is.<br>• waar in Suid-Afrika mense sukkel om medikasie te kry.<br>• wat die situasie in die land t.o.v. medikasie is.<br>• hoe mense medikasie in Suid-Afrika kry.<br>• dat die meeste mense hulle medikasie by klinieke kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Aanvaar nie direkte aanhaling nie)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal (**LET WEL:** Sodra die kandidaat enige aanhaling gee, ignoreer ons die eerste kategorie vir taalpunte en beweeg na die tweede kategorie vir woordeliks aangehaal).
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

**LET WEL:** ***Vergunning vir hierdie eksamen:***

- ➢ Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Hanteer dit dus dieselfde as 2–3 direkte aanhalings.
- ➢ Indien die kandidaat net een feit in die hele opsomming reg het en hierdie één feit is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat net één punt vir hierdie feit en géén punte vir taal nie.

**LET WEL**

**Tel van woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en/of tot aan die einde van die sin waarin die 60 woorde-grens is. Ignoreer die res.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: OPSOMMING

## TEKS C: WAAROM VRUGTE GOED IS VIR JOU

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 6 Februarie 2025]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Party mense hou nie van vrugte nie. Tog is die vrugte wat jy eet, op baie maniere goed vir jou. **Die water in vrugte kan help wanneer jy dors is.** | Vrugte bevat water wat jou dors kan les./ Dit help as jy dors is. |
| 2. | Moenie gemorskos eet wanneer jy honger word terwyl jy besig is nie. Die baie sout en olie daarin is sleg vir jou. Eet liewer vrugte. **Dit het baie vesel wat jou vol sal laat voel.** | Vrugte het baie vesel wat jou versadig/ vol laat voel./Die vesel laat jou versadig voel. |
| 3. | Daar is suur in 'n mens se mond. Dit produseer plaak. **Eet appels! Dit sal help om jou tande te skrop.** | **Appels** help om jou tande skoon te maak/ te skrop. |
| 4. | Genoeg slaap is baie belangrik. **Indien jy sukkel om te slaap, kan jy 'n kiwivrug eet.** Volgens navorsers help dit jou om beter te slaap. | **Kiwivrug** sal jou beter laat slaap. |
| 5. | Stres veroorsaak dat jy soms in 'n slegte bui wakker word en nog steeds moeg voel. Wil jy beter voel? **Die reuk van lemoene kan jou help om te kalmeer.** | **Lemoene** (se reuk) kalmeer jou/laat jou beter/kalm voel. |
| 6. | Soms sweet jy en ruik nie lekker nie. **Deur suurlemoen aan jou lyf te smeer, sal jy lekker ruik.** | Jy sal lekker ruik wanneer jy **suurlemoen** aan jou lyf smeer.<br>Suurlemoene laat jou lekker ruik. |
| 7. | Jy moet jou vel oppas. **Wanneer jy aarbeie propvol antioksidante eet, hou dit jou vel gesond.** Jy wil tog nie 'n vel vol merke en plooie hê nie. | **Aarbeie** hou jou vel gesond/keer dat jy merke en/of plooie kry/is vol antioksidante. |
| | **GETAL WOORDE = 193 woorde**<br>**(± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 52 woorde**<br>**(60/65 maksimum)** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

**TEKS D**
[Eie teks]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Vetgedrukte/donker woorde/letters<br>• Uitroeptekens/!!<br>• Groter/groot letters<br>• Hoofletters<br>• Dit staan bo/in die middel van die advertensie.<br>• Alliterasie<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.2 | • Sokkerspelers<br>• Mense wat sokker speel<br>• Iemand wat vir 'n sokkerspeler 'n geskenk wil koop<br>• Mense wat lief is vir sokker/van sokker hou<br>• Mense/ouers met kinders wat sokker speel<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.3 | manipuleer | 1 |
| 3.4 | sokkerklub *(sp)* | 1 |
| 3.5 | "SUPERSTERRE"/"Supersterre"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*<br>*(Aanvaar nie net 'sterre' nie)* | 1 |
| 3.6 | "gratis"<br>*(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 3.7 | • Daar is 'n simbool van **X**.<br>• Die **X** wys dit/volg ons op **X**.<br>• Hulle adverteer op Twitter.<br>• Eposadres/SuperS@gmail.com<br>• WhatsApp/0853482567<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 3.8 | • Daar is nie 'n straatadres nie.<br>• Die winkel se straatadres word nie gegee nie.<br>• Die advertensie sê nie waar die winkel is nie/wys nie die plek van die winkel nie.<br>• Daar is nie 'n lokasie/ligging nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | sporttoerusting | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**
[Verwerk uit google/images.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | "arrogante"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 4.2 | "Ai tog(!)"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 4.3 | (Garfield sê dat hy) baie honger is. | 1 |
| 4.4 | • Hy lê (uitgestrek/op sy rug op die stoel)./Hy sit nie regop nie.<br>• Sy stert hang van die stoel af.<br>• Sy oë is half toe/kyk af/half oop.<br>• Sy ore hang/is nie regop nie.<br>• Sy voorpote rus op die stoel se leunings.<br>• Dit lyk asof Garfield wil slaap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5 | beklemtoon | 1 |
| 4.6 | (vir) my | 1 |
| 4.7 | C/sy ore staan nou regop. | 1 |
| 4.8 | • Hy wil terug wees voor die (lang) advertensies verby/klaar is.<br>• Hy wil niks mis nie.<br>• Hy wil nie sy (gunsteling) program mis nie.<br>• Hy wil na sy stories/program kyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.9 | voordeel | 1 |
| 4.10 | • Sy woorde is in 'n dinkborrel *(Aanvaar ook gedagteborrel).*<br>• Hy dink.<br>• Hy praat nie (hardop nie).<br>• Hy praat in sy kop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Indien die kandidaat die antwoord in sinne skryf, lees ons tot aan die einde en gee punte vir die korrekte antwoord.)* | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5.1: LEESTEKS

### TEKS F

[Verwerk uit www.netwerk24.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | huis**ie** *(sp)* | 1 |
| 5.1.2 | Queen is 62 jaar oud **en** (sy) (is) 'n pensioenaris. | 1 |
| 5.1.3 | • Queen het **nie** baie van tegnologie geweet **nie**.<br>• Queen het **niks** van tegnologie geweet **nie**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.4 | meer *(sp)* | 1 |
| 5.1.5 | kerk<br>*(Aanvaar fonetiese spelling)* | 1 |
| 5.1.6 | • Sy **wou** dit bywoon.<br>• Sy **wou** dit bygewoon **het**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.7 | op | 1 |
| 5.1.8 | rekenaar**s** *(sp)* | 1 |
| 5.1.9 | toe | 1 |
| 5.1.10 | baie nuwe dinge by die kursus geleer het. | 1 |
| 5.1.11 | (Sy sê sy het vir haar 'n selfoon gekoop) **om** haar kinders **te** kontak. | 1 |
| 5.1.12 | bank+sa+ke **of** bank/sa/ke **of** bank-sa-ke<br>*(Aanvaar enige manier waarop die lettergreepverdeling korrek aangedui word)* | 1 |
| 5.1.13 | d**aa**gliks *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | bv.<br>*(Die punt moet aan die einde van die afkorting wees.)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

**TEKS G**
[Verwerk uit www.google/images]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | • spierwit *(sp)*<br>• sneeuwit *(sp)*<br>• melkwit *(sp)*<br>• lakenwit *(sp)*<br>• bleekwit *(sp)*<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.2 | aanlyn | 1 |
| 5.2.3 | meisie/dogter *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | voor *(sp)* | 1 |
| 5.2.5 | Die seun tik altyd baie vinnig op sy rekenaar. | 1 |
| 5.2.6 | Wat sê die seun op skerm 4**?**<br>*(Leesteken moet aan die einde van die sin aangedui word)* | 1 |
| | | **[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou